LAERSKOOL PARK

Tel. 044-691 1020\1 Faks. 044-691 2046 Kaapweg 49
E-Pos parklaerskool@gmail.com Posbus 96
Webblad www.parklaerskool.co.za MOSSELBAAI
Prinsipaal D.F. du Toit 6500

15 November 2019

Geagte Ouers

SKOOLFONDS – 2020

Baie dankie aan alle ouers wat getrou en stiptelik skoolfonds betaal. Die skool is totaal hiervan afhanklik vir sy voortbestaan en doeltreffende bestuur. Besondere dank aan elke ouer wat moeite gedoen het om die begrotingsvergadering by te woon. 'n Volledig uiteensetting van die begroting is aan die ouers voorgelê. Daar is regtig gepoog om die verhoging in skoolfonds so klein as moontlik te hou.

Op die Algemene Ouervergadering gehou op 15 Oktober 2019, is **gelde vir 2020** soos volg vasgestel :

1.1 Skoolfonds verhoog as volg:

Gr. RR en R	**R9 200.00** per leerder per jaar.	
	R920 per maand betaalbaar oor 10 maande.	
	Deposito van R1 000 per leerder was betaalbaar voor 31 November 2019. Hierdie deposito word verreken as u Januarie-betaling.	
	Graad RR en R is informele onderrig en nie verpligtend - Geen vrystelling vir graad RR- en R-skoolgeld nie.	
	Skoolbywoning sal opgeskort word indien 30 dae agterstallig	
	Korting van 5% indien ten volle vereffen voor **29 Februarie 2020**.	
Gr. 1–7	**R9 000.00** per leerder per jaar.	
	R900 per maand oor 10 maande.	
	Korting van 5% indien ten volle vereffen voor **29 Februarie 2020**.	
Bankbesonderhede	Rekeningnaam	Laerskool Park Skoolfonds
	Bank	Eerste Nasionale Bank (FNB)
	Rekeningnr.	62035 761 081
	Takkode	210-314
	Verwysing	Kind se naam ,van en graad/toelatingsnommer

1.2 Aansoekvorms vir die vrystelling van skoolfonds sal vanaf 13 Januarie 2020 by die kantoor beskikbaar wees. **Volledig** voltooide vorms moet **voor of op 14 Februarie 2020** ingehandig wees. **Geen laat of onvolledige aansoeke sal oorweeg word nie.**

1.3 Vir u gerief beskik die skool oor 'n krediet- en debietkaart fasiliteite. **Ons poog om in die toekoms so min as moontlik kontant te hanteer aangesien dit verligting op bankkostes bring en dit verlaag ook die sekuriteitsrisiko by die skool.**

Indien u van **internetbankdienste (EFT)** gebruik maak, moet die **kind se naam en van asook klas** of u **kind se toelatingsnommer** as verwysing aangedui word. Kontak asseblief die kantoor indien u onseker is oor die verwysing.

1.4 **Rekeningstate word aan die leerders oorhandig om vir hul ouers te gee.** In die geval van enkelouer-gesinne is dit die ouer by wie die leerder woon se plig om die rekening aan die persoon verantwoordelik vir die betaling daarvan te gee/stuur. In hierdie gevalle moet ouers asseblief self wanbetaling (agterstallige rekeninge) tussen die betrokke partye uitsorteer. Die skool kan nie as tussenganger tussen die betrokke partye optree nie.

1.5 Boekpakkette sal deur **STAT Warehouse** vir 2020 voorsien word. **Hierdie pakkette is verpligtend vir alle leerders vanaf Gr R tot Gr 7.**

1.6 Die bestelvorm is hierby aangeheg. Bestellings en betalings word by STAT Warehouse self gedoen en moet **voor 28 Desember 2019** geplaas word. Vir u gerief sal **STAT Warehouse 'n persoon beskikbaar hê by Laerskool Park slegs op 4 Desember 2019 wanneer die rapporte afgehaal word om bestellings vir die pakkette te neem. Let wel slegs kaartbetalings sal aanvaar word.**

Die pakkette word die eerste dag van skool in 2020 vir die leerders by die skool uitgedeel.

GR	**STAT WAREHOUSE**
R	R 218.00
1	R 546.00
2	R 303.00
3	R 256.00
4	R 313.00
5	R 373.00
6	R 271.00
7	R 424.00

Die Gr.1-pakket is heelwat meer as die ander grade, maar hou ingedagte dat dit 'n blokfluit, spelboekie, stoelsakkie, huiswerksak en potlootsakkie insluit. Al die pakkette sluit ook 'n huiswerkboek met die skoolreëls en dissiplinêre stelsel in.

1.6 Musiek. Sien onderstaande:

ALLE GELDE IS KWARTAALLIKS BETAALBAAR

	INDIVIDUELE LES 30 min.	**INDIVIDUELE LES 60 min.**
Klavier	R900.00 per kwartaal	R1,700.00 per kwartaal
Blokfluit	R900.00 per kwartaal	R1,700.00 per kwartaal
Kitaar	R900.00 per kwartaal	R1,700.00 per kwartaal
Dwarsfluit	R900.00 per kwartaal	R1,700.00 per kwartaal
Klarinet	R900.00 per kwartaal	R1,700.00 per kwartaal
Viool & Cello	R900.00 per kwartaal	R1,700.00 per kwartaal
Saksofoon	R900.00 per kwartaal	R1,700.00 per kwartaal
Sang	R900.00 per kwartaal	R1,700.00 per kwartaal
Ensemble	Gratis	
Koor	Gratis	

LW: ALLE MUSIEKGELDE IS IN KONTANT BETAALBAAR BY DIE KANTOOR OF BY DIE BETROKKE ONDERWYSER.

LW: U KAN NIE DIE MUSIEKGELD SAAM MET U SKOOLFONDS BETAAL NIE.

LW: ALLE GELDE BETAALBAAR BINNE EERSTE TWEE WEKE VAN KWARTAAL.

Tydens die vergadering is die volgende besluit:

BESLUIT VAN BEGROTINGSVERGADERING VAN OUERS VAN LEERDERS VERBONDE AAN LAERSKOOL PARK GEHOU OP 15 OKTOBER 2019.

BESLUIT DAT:

(1) Skoolgeld, ooreenkomstig die bepalings van artikel 38 en 39(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet ("die Skolewet"), vasgestel en gehef sal word;
(2) Die begroting soos voorgestel deur die beheerliggaam goedgekeur word en dat die beheerliggaam gemagtig word om tekorte wat mag ontstaan op begrote bedrae vir bepaalde items op die begroting aan te vul uit oorskotte wat mag ontstaan by ander items en verder onderworpe daaraan dat die totale begroting nie oorskry word sonder goedkeuring van 'n ouervergadering nie;
(3) Die skoolgelde betaalbaar sal wees ooreenkomstig die begroting voorgelê deur die beheerliggaam;
(4) Die volle uitstaande skoolgeld onmiddellik opeisbaar en betaalbaar word indien enige paaiement nie op die vervaldag betaal is nie;
(5) Alle ouers verplig sal wees om skoolgeld te betaal tensy hulle ooreenkomstig die bepalings van die Skolewet van enige toepaslike regulasies en hierdie besluit van sodanige betaling vrygestel is;

(6) Ouers wat aanvoer dat hulle nie in staat is om skoolgelde te betaal nie en daarom op algehele, gedeeltelike of voorwaardelike vrystelling van betaling van skoolgeld aanspraak maak (hierna 'n "applikant" genoem) op die wyse soos in artikel 39(4) van die Skolewet, die regulasies daarin beoog en hierdie besluit by die beheerliggaam aansoek moet doen om sodanige vrystelling;

(7) Die applikant die beheerliggaam op oorwig van waarskynlikhede moet oortuig dat hy/sy op enige sodanige vrystelling geregtig is;

(8) Die applikant se aansoek:

· Skriftelik moet geskied in die vorm in die toepaslike regulasies voorgeskryf;

· Die applikant en enige ander persoon/persone wat kwalifiseer as ouers van die betrokke leerder/s soos in die SA Skolewet gedefinieer en enige ander verdiener in die huishouding se totale jaarlikse en maandelikse bruto inkomste en uitgawe moet uiteensit met dokumente ter stawing waar moontlik; die bates (teen markwaarde) en laste van die applikant moet uiteengesit word met dokumente ter stawing;

· Die gesinsamestelling van die applikant moet uiteensit;

· of daar om algehele, gedeeltelike of voorwaardelike vrystelling van betaling van skoolgeld aansoek gedoen word;

· Elke moontlike relevante feit wat die applikant ter ondersteuning van die aansoek wil aanvoer, moet bevat.

(9) Die beheerliggaam geregtig sal wees om sodanige inligting as wat na die oordeel van die beheerliggaam nodig is vir die regverdige en billike beoordeling van 'n aansoek om vrystelling van betaling van skoolgeld, aan te vra of in te samel;

(10) Geen aansoek om vrystelling wat nie voldoen aan die voorskrifte van hierdie besluit oorweeg sal word nie, tensy die beheerliggaam oortuig kan word dat daar buitengewone omstandighede bestaan wat die nie-nakoming van die prosedure regverdig;

(11) Die beheerliggaam geregtig sal wees om die bevoegdheid om 'n aansoek om vrystelling soos hierbo bedoel, te ontvang, te oorweeg en daaroor uitsluitsel te gee, aan 'n komitee van die beheerliggaam te delegeer;

(12) Die applikant binne sewe dae nadat die besluit deur die komitee geneem is skriftelik daarvan in kennis gestel sal word;

(13) 'n Applikant wat hom/haar verontreg voel deur 'n beslissing van 'n komitee van die beheerliggaam soos in paragraaf 11 bedoel, geregtig sal wees om binne sewe dae na Ontvangs van die uitslag van sy/haar aansoek, skriftelik na die beheerliggaam daarteen te appèlleer. Die appèl sal nie deur die beheerliggaam van die hand gewys word sonder dat die applikant geleentheid gebied is om mondeling aangehoor te word nie; Behoudens die reg van 'n applikant om na die Departementshoof van Onderwys te appèleer soos in artikel 40(2) van die Skolewet bedoel, die beslissing van die beheerliggaam finaal is;

(14) Die enigste maatstaf waarvolgens die komitee van die beheerliggaam sal beoordeel of vrystelling in enige opsig verleen sal word al dan nie, is of die applikant voldoen aan die kriteria vir vrystelling soos uiteengesit in die Skolewet en enige toepaslike regulasies daarkragtens uitgevaardig;

(15) Hierdie besluit nie die ouer of die skool die reg ontneem om 'n ooreenkoms aan te gaan om die skoolgeld te betaal op 'n ander wyse as dié voorgeskryf deur hierdie besluit nie;

(16) Die beheerliggaam geregtig sal wees om sodanige voorwaarde as wat redelik geag word vir vrystelling aan 'n applikant te stel.

Baie dankie dat ons vir 2020 kan staatmaak op **alle** ouers se samewerking in verband met die betaling van skoolgelde.

Vriendelike groete

D.F. DU TOIT
SKOOLHOOF

Skryfbehoeftes

Van die heel belangrikste skryfbehoeftes was in die pakket gesit maar hier onder volg ‘n lys vir algemene gebruik. Dit maak dinge net soveel makliker as almal voorbereid skool toe kom.

Graad 1

<u>Geagte voornemende Graad 1-ouers</u>

Baie welkom in Graad 1. U kind gaan die volgende skryfbehoeftes nodig hê om Graad 1 mee te begin.

Ons vra dat u asseblief die spesifieke make wat ons aanbeveel koop, aangesien dit van beter kwaliteit is en daarom langer hou.

<u>Ons vra ook u samewerking in verband met die volgende:</u>

- **Merk** asb. u kind se skryfbehoeftes **duidelik**.
- Plaas al u kind se skryfbehoeftes **in die roomysbak**.
  Die roomysbak gaan in die klas gestoor word en skryfbehoeftes gaan uitgehaal word soos wat u kind dit benodig.
- **Merk** ook u kind se **skoolklere en tas**.
- Ons verkies dat u vir u kind ‘n **donkerblou of Swart tas** koop vir eenvormigheid.
- **Geen** tasse met wieletjies word toegelaat nie.

Baie dankie vir u samewerking.

Ons sien uit na ‘n wonderlike Graad 1-jaar saam met u!

Item	Beskrywing	Aantal
Dik vetkryte	Jumbo / Teddy	2 pakke
Beginnerspotlood	Dik Staedtler potlood	4
Skerpmaker	Skerpmaker met bakkie	1
Skêr		1
Uitveër		1
Pritt	Pritt (rooi buisie) of Bostik (geel buisie)	3
Uitdraaikryte		1 pakkie
Tennisbal		1
Boontjiesakkie		1
Inkleurboek	(verkieslik die dikker boek)	1
White board marker	Penflex	2
Grys potlood	Staedtler HB Potlood	4
Box tissues		1
2L Roomysbak		1
Blokfluit ingesluit in skryfboekpakket		

Graad 2

Baie welkom in Graad 2!

Liewe Ouers

U seun/dogter moet asseblief die eerste dag die naasstaande skryfbehoeftes saambring.

Alle skryfbehoeftes en skoolklere moet asseblief duidelik gemerk wees.

Potlode, uitdraaikryt en potloodkryte word asb. afsonderlik gemerk.

Baie dankie vir u samewerking in hierdie verband.

Ons sien uit daarna om u seun/dogter in Graad 2 te ontvang.

Groete

Graad 2 Onderwyseresse

Lappie/sponsie om witbordjies mee skoon te maak.
1 x Skerpmaker in houertjie
1 x Pak uitdraaikryte
1 x Pak potloodkryte
1 x Skêr
1 x Uitveër
1 x Liniale
2 x Pritt
Potloodsakkie (verkieslik nie van harde plastiek nie)
Huiswerksak (Kan sak gebruik wat hulle in Gr.1 gekry het.)
Blou stoelsakkie (Kan sak gebruik wat hulle in Gr.1 gekry het.)
Swempet
Tissues (1 x boks)
Plakkers / “Stickers” (2 Velle- By PEP of Crazy Store)
Blokfluit – Wit Yamaha YRS 24 B (Gr.1 tot 5 neem almal blokfluit in klasverband. **Skaf asseblief een aan indien u kind nog nie een het nie)**

Graad 3

Graad 3 Skryfbehoeftes – 2020

Alles moet duidelik gemerk wees!

Maak asseblief seker dat u kind hierdie skryfbehoeftes reeds het op die dag wat die skool begin.
Skryfbehoeftes moet deur die loop van die jaar aangevul word soos nodig.

Let wel! U kind se pennedakkie bly by die skool. Maak dus voorsiening vir ekstra skryfbehoeftes by die huis vir huiswerk.

Baie dankie vur u samewerking

Gr.3 onderwyseresse

- 1 Skerp skêr
- Skerpmaker met bakkie
- 4 Staedtler HB potlode
- 2 x 43g Pritt
  (Slegs rooi Henkel Pritt stick, anders kom blaaie los.)
- Uitdraaikryte (Mon-Ami/Bostik)
- 1 Uitveër
- Pennesakkie
  (Geen harde plastiek pennehouers "space case" nie.)
- Swempet (beskikbaar by die skool)
- 1 boks snesies
- Liniaal (30cm) met cm en mm op.
- Blokfluit – Wit Yamaha YRS 24 B
  (Gr.1 tot 5 neem almal blokfluit in klasverband.
  Skaf asseblief een aan indien u kind nog nie een het nie)

Graad 4

Gr. 4-skryfbehoeftelys vir 2020

Geagte ouers

Ons as gr. 4-onderwysers wil graag 'n beroep op u as ouer/voog doen om asseblief toe te sien dat u kind die nodige skryfbehoeftes sal aanskaf **voor 09 Januarie 2019**. Dit maak dinge net soveel makliker as almal voorbereid skool toe kom.

Baie dankie vir u samewerking.

Gr. 4-onderwysers

- 4 x Staedtler HB potlode
- 1 x Liniaal (30cm) met cm en mm op.
- 1 x Uitveër
- 1 x 12 Stel Uitdraaikryte (Mon-Ami)/Inkleurpotlode
- 1 x Skerpmaker met bakkie
- 2 x 43g Pritt
- 1 x Skerp skêr
- Highlighters – 4 verskillende kleure
- Blokfluit – Wit Yamaha YRS 24 B
  (Gr.1 tot 5 neem almal blokfluit in klasverband.
  Skaf asseblief een aan indien u kind nog nie een het nie)

Graad 5

Gr. 5-skryfbehoeftelys vir 2020

Geagte ouers

Ons as gr. 5-onderwysers wil graag 'n beroep op u as ouer/voog doen om asseblief toe te sien dat u kind die nodige skryfbehoeftes sal aanskaf **voor 15 Januarie 2020**. Dit maak dinge net soveel makliker as almal voorbereid skool toe kom.

Baie dankie vir u samewerking.

Gr. 5-onderwysers

- 2x donkerblou penne
  Vir gebruik in 3de kwartaal.
  Asseblief **nie** gelpenne nie – dit smeer!
- 2 x HB-skryfpotlode / pacer met 0.5 mm HB-punte
- Uitveër (Staedler is 'n goeie maak.)
- Skerpmaker in houer
- Pritt 43g
- 'n Pak inkleurpotlode (12 is genoeg)
- Skêr
- Liniaal (30cm) met cm en mm op.
- Blokfluit – Wit Yamaha YRS 24 B
  (Gr.1 tot 5 neem almal blokfluit in klasverband.
  Skaf asseblief een aan indien u kind nog nie een het nie)

Graad 6	**Gr. 6-skryfbehoeftelys vir 2020** Geagte ouers Ons as gr. 6-onderwysers wil graag ‘n beroep op u as ouer/voog doen om asseblief toe te sien dat u kind die nodige skryfbehoeftes sal aanskaf **voor 15 Januarie 2020**. Dit maak dinge net soveel makliker as almal voorbereid skool toe kom. Baie dankie vir u samewerking. Gr. 6-onderwysers	2 x donkerblou penne (asseblief nie geelpenne nie – dit smeer!)
		2 x HB-skryfpotlode / pacer met 0.5 mm HB-punte
		Liniaal (30cm) met cm en mm op
		Uitveër (Staedler is ‘n goeie maak.)
		Skerpmaker in houer
		Pritt 43gm
		‘n Pak inkleurpotlode (12 is genoeg)
		Sakrekenaar (verkieslik Sharp EL 231L)
		Skêr

Graad 7	**Gr. 7-skryfbehoeftelys vir 2020** Geagte ouers Ons as gr. 7-onderwysers wil graag ‘n beroep op u as ouer/voog doen om asseblief toe te sien dat u kind die nodige skryfbehoeftes sal aanskaf **voor 09 Januarie 2019**. Van die heel belangrikste skryfbehoeftes was in die pakket gesit maar hierdie is net dié vir algemene gebruik. Dit maak dinge net soveel makliker as almal voorbereid skool toe kom. Baie dankie vir u samewerking. Graad 7- onderwysers.	1 donkerblou pen (asseblief nie geelpenne nie – dit smeer)
		1 HB-skryfpotlood / pacer met 0.5mm HB-punte
		30 cm-liniaal
		Uitveër (Staedler is ‘n goeie maak.)
		Skerpmaker in houer.
		Skêr
		High Lighters – verskillende kleure
		‘n Pak inkleurpotlode (12 is genoeg)
		Skêr
		Meetkundestel

SKOOLURE 2020

SKOOLURE 2020				
GRAADGROEP	**GR.RR en R**	**GR.1**	**GR.2 en 3**	**GR.4 tot 7**
Maandae tot Vrydae	07:30 tot 12:15	07:30 tot 13:00	07:30 tot 13:30	07:30 tot 14:00
www.parklaerskool.co.za				

SKOOLKWARTALE 2020

SKOOLKWARTALE 2020				VAKANSIEDAE TYDENS SKOOLDAE VIR 2020			
Eerste Kwartaal	15-Jan		20-Mrt				
Tweede Kwartaal	31- Mrt		12-Jun	10 Apr Goeie Vrydag **(VR)**	13 Apr Gesinsdag **(MA)**	27 Apr Vryheidsdag **(MA)**	01 Mei Werkersdag **(VR)**
Derde Kwartaal	07-Jul		18-Sep	09 Aug Vrouedag **(SO)**	10-Aug Vakansiedag **(MA)**		
Vierde Kwartaal	29-Sep		02-Des				